

Ken, vertrou en doen

Teks: Jakobus 1:19 - 27 & Sondag 7

Teksvers: Jakobus 1:25

1. Inleiding

In ons leerdiens vanoggend word ons stil voor Sondag 7, en dan veral vraag 21: Wat is 'n ware geloof. Hoe herken ek dit, hoe leef ek dit uit. Daar is veral twee komponente wat ons goed ken. Ken en vertrou. Ek moet die woord van die Here ken en glo en vertrou dat dit waar is. Maar kan ek werklik sê dat hierdie oortuigings in my lewe die waarheid is as dit nie uitgeleef word in alles wat ek doen nie. Wat sê die skrif hieroor. Kom ons neem 'n tree terug.

Daar word beweer dat alle mense in Adam verlore geraak het soos Romeine 5:18 ons leer. Maar dan ook dat alle mense weer eenvoudig in Christus geregverdig is. Dit is natuurlik presies wat Vraag 20 van Sondag 7 ook vra. Maar ons sien natuurlik dat vraag 20 getrou aan die Bybel antwoord. Alle mense word nie gered nie. Maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is. Die vraag wat ons natuurlik dan hieruit vloei is wat is 'n ware geloof? Dit is ook die vraag wat natuurlik in vraag 21 gevra word, soos ons reeds gesê het.

Ons gaan vandag kyk hoe die boek jakobus ook na hierdie elemente van 'n ware geloof verwys. Sodat ons meer en meer ons geloofsluwe kan vorm en stuur in lyn met God se wil. Sodat ons ook kan groei op die pad van geloofsgroei.

2. Twee plekke om te kyk

Daar word 'n duidelike kontras in ons teksverse gestel. Duidelik word twee idees teenoor mekaar gestel. Die een idee is natuurlik sleg en verkeerde teenoor die ander idee wat goed en reg is. Die twee idees is om vir jouself in 'n spieël te kyk in vers 24 en om jouself te verdiep in die wet van God in vers 25. Dit gaan duidelik oor kyk en verdiep, maar in hierdie eerste punt gaan ons eers fokus op plek of adres waar gekyk word.

En in hierdie opsig is die teks vandag steeds net so aktueel soos dit was toe die eerste aanhoorders dit gehoor het. Die eerste adres is in jouself. Die beeld van jouself in die spieël is iets wat ons almal ken. Meeste van ons verlaat nie sommer die huis in die oggend sonder om eers na jouself in die spieël te kyk nie. Die rede hiervoor is natuurlik die feit dat ons omgee hoe ons lyk vir ander mense. Ek wil darem sien of my hare ten minste gekam is. En hierin lê ook die boodskap ons is dikwels so behep met wat die wêreld en samelewing van ons dink, dat al ons aandag, tyd en moeite daarin gaan.

Maar dan is daar natuurlik ook die tweede plek of adres, die volmaakte wet van die Here. Ons kan en moet ook onself spieël in die perfekte wet van die Here. En natuurlik is dit onmiddelik ook 'n bietjie meer ongemaklik. Want die spieël wys natuurlik net ons uiterlike. Daardie uiterlike wat ons maklik kan reg timmer met botteltjies goed. Maar wanneer ons onself eerlik spieël in wet van die Here dan kom ons optrede en aksie aan die lig. Maar meer as dit ook ons oortuigings en gesindheid waaruit hierdie dade gebore is. En dit is natuurlik nie sommer iets wat met botteltjie goed reg getimmer kan word nie. Daar is net een plek waar ons oortuigings en gesindhede werklik reg kan kom. Dit is net by die kruis alleen.

Ons moet deur 'n ware geloof in Christus ingelyf wees. Dan is ons ingelyf in sy sterwe en opstanding. Wedergebore in opstanding van Christus het ons nou nuwe oortuigings en gesindhede.

3. Twee maniere om te kyk

Op 'n manier gee vers 22 ons 'n inleiding na dit wat ons wil aanspreek. Dit gaan oor soveel meer as net terloops hoor. Tweedens wil ons kyk na die manier waarop gekyk word. Want afgesien van die verskillende plekke waar daar gekyk word, word daar ook op verskillende maniere gekyk. In Vers 24 word daar bloot

rakelings in die verbygaan gekyk. Daar word nie in diepte gekyk nie. Want natuurlik is daar ook net soveel aan die uiterlike om te bestudeer. Ongelukkig is dit partykeer presies hoe ons ook ons geloof beoefen.

Ons kom Sondag na 'n erediens, maar verder is daar min van geloof in my lewe sigbaar. Wanneer ons besig is met geloof kan ons soms nie wag dat dit net verby moet gaan sodat ons weer kan aangaan met ander dinge in ons lewe nie. Ons wil baie vinnig die geloof boksie bêre. Soos ons nie lank voor 'n spieël wil staan en tyd mors nie. Net so wil ons ook nie te veel tyd aan ons geloof afstaan nie.

Maar die tweede manier van hoor sien ons in vers 24. Dit is op om jouself te verdiep in die wet van die Here. Dit is ook nie verniet dat hierdie manier van kyk ook by die tweede plek of adress staan nie. Dit is die manier waarop ons geloof uitgeleef moet word. Dit is die manier waarop geloof nie net hoor is nie, maar ook doen. Want soos die kategismus sê behels die geloof 'n vasstaande kennis. Hierdie kennis kan net deur inspanning verwerf word. Daarom is hierdie manier van kyk moeilik. Om te verdiep in wet van die Here gaan moeite verg. Maar dit is die moeite werd. Ons geloof moet ons hele lewe beslaan. Want wanneer daar werklik verdieping in die wet plaavind, dan wil 'n mens ook daarvoor praat. 'n Mens wil ook jou geloof verkondig.

4. Ware geloof lê in meer as net ken en vertrou

Ons het gesien dat dit ook doen en nie net hoor gaan nie. Dit is sentrale tema in die Jakobus boek. Dit gaan in die boek van Jakobus baie meer oor 'n praktiese uitleef van geloof. Daarom is die Romeine boek en die Jakobus boek in die verlede verskeie kere in kontras met mekaar gestel. Die Romeine boek met sy amper passiewe aanvaarding van redding uit genade alleen, teenoor die Jakobus boek met sy meer aktiewe uitleef van geloof. Maar tog is dit nie in kontras met mekaar nie. Dit is eerder opvolgend tot mekaar.

Want dit is waar dat 'n ware geloof nie op ons eie verwerf kan word nie. Dit word deur die Heilige Gees in ons gewerk. Maar tog is dit nie 'n misterieuse iets waarvan ons nie weet nie, of waarvan ons nooit seker kan wees nie. Dit

is 'n duidelike oortuiging dat die Christelike evangelie waar is, en dat dit die enigste plek is waar, waarlik hoop is. Maar hierdie vaste oortuiging dryf ook die gelowige verder. Dit dryf die gelowige tot daad. Daarom sê ons dat die Jakobus boek volg op die Romeine boek, want wat in die Romeine boek uit genade alleen begin word, groei tot 'n aktiewe uitleef in die Jakobus boek.

Die woord wil ons ook aanspoor in Jakobus om ook ons geloof prakties te gaan uitleef. Om onself te verdiep in die woord van die Here. Maar dan ook veral om die kennis wat ons opdoen tydens die verdieping te gaan uitleef in die wêreld. Om werklik hierdie tweede manier en plek van kyk na te volg soos wat vers 25 aan ons openbaar. Om geloof en die gefokuste beoefening van geloof ook weer 'n sentrale plek in ons lewens te gee. Sodat ons in die binnekamer versterk kan word om ook 'n verskil in die samelewing te maak.

5. Slot

Ons kan afsluit deur weer terug te keer na die twee plekke of adresse. En daarin sien ons ook duidelik uitsprake van die wêreld om ons vandag. Ons sien in die selfrefleksie van kyk in die spieël die sentraliteit wat die mens inneem in ons samelewing vandag, teenoor om na die Here te draai om te bepaal wat reg is. Daarby sien ons ook oppervlakkige ondersoeke en bepalings. Dinge wat dikwels maar gemanipuleer word om vir die mens sy sin te gee.

'n Verdere saak wat die antwoord op vraag 20 bring is die eksklusiwiteit van die geloof. Alhoewel die gelowige daarna streef om nooit snobisties op te tree nie. Staan die gelowige op vir die waarheid. En die waarheid is natuurlik dat daar net een ware God en net een ware geloof in Hom is. En dat die Bybel alleen vir ons hierdie ware geloof leer. Dit is natuurlik nie wat 'n inklusiewe wêreld vandag wil hoor nie. Maar dit verander nie die feit dat dit die waarheid is nie.

Maar natuurlik het ons ook geleer dat ons as gelowiges ook anders moet lyk as die tipiese wêreld rondom ons. Ons lewens moet gekenmerk word deur heiligheid. Heiligheid

soos wat ons leer in die Woord van God.
Daarom kan ons nie bloot net hoorders van die
Woord bly nie. Ons moet doeners word. Maar
om doeners te word moet ons natuurlik die
woord van die Here ken. Dit verg inspanning,
die gefokuste bestudering van God se Woord
elke dag. Ons moet elke dag daardie tydjie
eenkant sit om die Woord te bestudeer en ons
moet daardie tydjie heilig hou, eenkant van die
wêreld en sy invloed.

Amen